



F A X M E S S A G E

TO : MARK PHILLIPS - 403-1764
FROM : CODESA ADMINISTRATION - DIANNE
DATE : 11 JUNE 1992
RE : SUBMISSIONS TO WORKING GROUP 2

Attached please find the last batch of Working Group 2 submissions for your records.

Regards.

CONVENTION FOR A DEMOCRATIC SOUTH AFRICA

PO Box 507, Isando, 1600, South Africa.
Telephone (011) 397-1198/99. Fax (011) 397-2211



Die Eike, 020/024, Cedarlaan 1, Aucklandpark, Johannesburg
Posbus 91001 Aucklandpark 2006

Telefoon: (011) 482-1426

Faks: (011) 726-2073

FEDERASIE VAN RAPPORTRYERSKORPSE

4 Junie 1992

Die Sekretaris
Kodesa
Posbus 507
ISANDO
1600

Date Rec'd : .10/6/92.....

Date Ackn : ..11/6/92.....

Docs Sent :

Handed for Processing to :

.....M.K. - 10/6/92.....

Geagte Heer


Ons het in Maart 1992 aan u geskryf oor die miskenning van Afrikaans by Kodesa, maar tot dusver geen antwoord ontvang nie.

Intussen het ons van een van ons korpse 'n skrywe ontvang waarin hulle meedeel dat hulle ook aan u geskryf het oor dieselfde saak en daarop 'n antwoord in Engels ontvang het.

Terwyl aanvaar word dat u 'n besondere druk werkprogram het en daaglikse talle briewe, voorleggings, ens. ontvang, is dit darem bloot etiket om die taal van die briëfskrywer te respekteer.

Mag ons ook beleef verneem wanneer ons 'n antwoord op ons brief kan verwag.

Met agting


J.G. DU PLESSIS
HOOFSEKRETARIS



DIE RAPPORTRYERSKORPS

VAN BAKENKOP

GEAFFILIEER BY
DIE FEDERASIE VAN
RAPPORTRYERSKORPSE

ADRES Georgeweg 20

ELDORAIGNE, Verwoerdburg 0157

DATUM 25 Mei 1992

Die Voorsitter
KODESA

Geagte meneer,

GEBRUIK VAN AFRIKAANS AS AMPTELIKE TAAL BY KODESA

- 1 Daar is vanuit verskillende oorde met misnoeë kennis geneem dat die gebruik van Afrikaans as een van die amptelike tale in die RSA, nie sy regmatige plek met onderhandelinge by KODESA inneem nie.
- 2 Na wat verneem was en dit is algemeen bekend, was Afrikaans nie by een van die werksgroepe gebesig nie. Afrikaans het ook nie sy regmatige plek d.m.v. kennisgewings en aanwysings geniet nie. Die vraag is onwillekeurig dat alhoewel Afrikaans wel af en toe by KODESA se hoof werksaamhede gebesig was, waarom dan ook nie tydens die werkgroepe en op ander plekke (kennisgewings, e.d.m.) nie.
- 3 Die uitgangspunt moet tog wees dat alle onderhandelaars is SA burgers en Afrikaans en Engels is die RSA se twee amptelike tale. Al praat sodanige teenwoordigers dan nie almal Afrikaans nie, moet almal dit beslis verstaan.
- 4 Hierdie Korps is van ernstige mening dat die RSA beskik oor doeltreffende en genoegsame taalfasiliteite wat tydens onderhandelinge in gebruik gestel kan word. Die onderhandelinge is vir die RSA van sulke ernstige belang, dat dit na mening absoluut noodsaaklik is dat die Staat ook sulke belangrike taalfasiliteite daar moet stel om te verseker dat:
 - (a) Alle onderhandelaars hom of haar in eie taal kan uitdruk; en
 - (b) vertolking reg laat geskied.

Date Rec'd : 10.6.92....

Date Ackn : 11.6.92....

Docs Sent :

Handed for Processing to :
.....M. M. M. 92.....

2/...

5 Die Korps beveel dus ten sterkste aan dat ernstige aandag verleen word aan die regmatige gebruik en plek van Afrikaans met die voortsetting van KODESA.

6 Graag word u antwoord in hierdie verband verneem.

Die uwe



VOORSITTER



GENERAAL DE WET
RAPPOORT
DE

Posbus 76
DEWETSDORP
1992-06-01

Kodesa
Posbus 307
ISANDU
1600

Menere.

AFRIKAANS AS TAAL BY KODESA

Ons as korps van Generaal de wet te Dewetsdorp rig graag hiermee aan U 'n skrywe om te verneem waarom word Afrikaans nie as taal by Kodesa gebruik nie. Vertalingsfasiliteite moet nie as 'n verskoning gebruik word nie. Daar word geen klippe rondgegooi nie maar ons vra dat by verdere onderhandelings Afrikaans sy regmatige plek sal inneem omdat ons nie skaam is vir die gebruik van ons mooi taal nie. Hoop dat hierdie saak reggestel sal word.

Hoogagtend
Die Uwe

C. STEENKAMP
SEKRETARIS

Date Rec'd : 19/6/92....
Date Ackn : 11/6/92....
Docs Sent :
Handed for Processing to :
..... M.C. 1992.....



FAX MESSAGE

TO : MARK PHILLIPS - 403-1764
FROM : CODESA ADMINISTRATION - DIANNE
DATE : 11 JUNE 1992
RE : SUBMISSIONS TO WORKING GROUP 2

Attached please find the last batch of Working Group 2 submissions for your records.

Regards.

CONVENTION FOR A DEMOCRATIC SOUTH AFRICA
PO Box 907, Isando, 1600, South Africa
Telephone (011) 597-1108/99. Fax (011) 597 1211

TRANSMISSION REPORT

THIS DOCUMENT WAS CONFIRMED
(REduced SAMPLE ABOVE - SEE DETAILS BELOW)

** COUNT **

TOTAL PAGES SCANNED : 5
TOTAL PAGES CONFIRMED : 5

*** SEND ***

Table with 7 columns: No., REMOTE STATION, START TIME, DURATION, #PAGES, MODE, RESULTS. Row 1: 1, 403 1764, 11- 6-92 10:56, 3'35", 5/ 5, EC, COMPLETED 9600

TOTAL 0:03'35" 5

NOTE:

No. : OPERATION NUMBER 48 : 4800BPS SELECTED EC : ERROR CORRECT G2 : G2 COMMUNICATION
PD : POLLED BY REMOTE SF : STORE & FORWARD R1 : RELAY INITIATE RS : RELAY STATION
MB : SEND TO MAILBOX PG : POLLING A REMOTE MP : MULTI-POLLING RM : RECEIVE TO MEMORY